



Lekkerbekkie Nuusbrief

11 MAART 2013 | UITGAWE 2

Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Die slak-resies
- * Gratis inkleurprentjie
- * Nuus uit die kantoor: Nuwe kinderstories hierdie maand
- * Spesiale aanbod: Twee CDs vir R120!

Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Gratis kinder storie:

Die slak-resies deur Anna Emm

Daar was eenmaal vier slakkies met slymerige lyfies en ronde doppies. Wanneer die ander diertjies en dingetjies in die tuin resies gejaag het, moes die slakkies altyd eenkant sit en kyk. Want slakkies is te stadig om resies te jaag teen ander goetertjies.

“Dis onregverdig!” sug Sally Slakkie. “Ek wil ook resies jaag.”

“Ja, dis beslis onregverdig!” sê Sarel Slakkie en Santie Slakkie nou ook.

Maar Simon, die slim slakkie, sê: “Maar hoekom hou ons nie ons eie resies nie? Ons kan tog seker 'n slak-resies hou en teen mekaar resies jaag?”

Die ander drie slakkies dink dis 'n baie goeie idee, en hulle spreek af om vroeg die volgende oggend tussen die rankplante teen die muur bymekaar te kom. Hulle sal dan resies jaag al met die rankplante se stingels langs, en kyk wie wen.


Sally Slakkie is nie lus vir verloor nie, en sy vra skelmpies vir Naaldekoker om saam te kom. Hy moet agter haar dop wegkruip en haar stoot met die rankplant langs. Dan sal sy sekerlik wen! Sarel Slakkie het ook 'n plan om te wen. Hy vra vir Spinnekop om 'n lang draadjie te spin waaraan hy kan vashou. Dan kan hy homself vinnig aan die draadjie trek tot by die wenstreep. En Santie Slakkie vra sommer die miertjies om onder haar glibberige lyfie in te kruip en haar stilletjies tot by die wenstreep te dra. Niemand sal mos sien nie!

Maar o aarde! Toe die slak-resies begin – al met die stingel van die rankplant langs – is Sally Slak heeltemal te swaar vir Naaldekoker om te stoot! Hy buzz en zoem en stoot en stoot, maar hulle kom nie weg teen die opdraendes nie. Sarel Slakkie trek homself teen die stingel op aan die spinnerak se draad, maar toe die afdraendes kom, swaai hy heen en weer in die lug aan die draad! Hy kan nie weer af nie! En die arme Santie Slak... Die miere se pootjies glip en gly só teen die gladde stingel met die slymerige slak op hulle ruggies, dat hulle almal van die stingel afval en in 'n hoop op die grond beland!

En Simon die slakkie? Hy gly-gly teen die stingel op soos net 'n slakkie kan, en gly super-vinnig teen die stingel af soos net 'n slakkie kan! Hy is só vinnig en hy wen só maklik, dat al die ander diertjies en dingetjies hom nooi om aan hulle volgende resies deel te neem.

Gratis inkleurprentjie:

Die slak-resies illustrasie deur Elanie Bieldt





Nuus uit die kantoor

Nuwe kinderstories hierdie maand!

Het jy geweet dat Anna Emm Productions al meer as 1000 nuwe kinderstories die afgelope 8 jaar op CD en DVD vrygestel het?

Die stories word regoor die land, en selfs tot in Namibië, versprei deur ons aanlynwinkel en ons netwerk van agente. Daar is reeds meer as 80 geregistreerde Anna Emm agente in Suid-Afrika! (Vir meer besonderhede oor hoe jy 'n agent kan word, stuur 'n epos na agente@annaemm.co.za)

Wat maak ons stories anders? Dit is ons beleid en waarborg aan ons ouers dat al ons stories gegrond is op goeie waardes en gesinsverhoudings, wat beteken die kinders in die stories het respek vir die grootmense, hulle jok nie, boelie nie, steel nie, en vernietig nie. Daar is geen towery of hekse in ons stories nie.

En wraak word nooit as oplossing gebruik nie – selfs nie eens in sy onskuldigste vorm nie! Anna Emm se stories is stories waarmee kinders saans kan bed toe gaan, en wat ouers met geruste harte kan aanskakel en wegstap.

Is ons stories dus vervelig? Inteendeel! Kinders kan nie ophou luister na Anna Emm se stories nie! Die stories is verbeeldingryk en vol raaisels, verrassings en snaaksighede. Die stories word só vertel dat jong kinders dit maklik kan verstaan en volg, maar interessant genoeg dat ouer kinders (en Mamma en Pappa!) net so lekker sal saamluister. Nie twee van ons CDs is dieselfde nie!

Die nuwe CD, "Katteloffie en die Van Aardes" wat 15 Maart vrygestel word, is weer heeltemal iets nuuts...

Dit gaan oor 'n gesin, die Van Aardes, en alles wat met hulle gebeur het in hulle nuwe huis – deur die oë van Katteloffie, die straatkat...

"Straatkatte is anders as huiskatte. Straatkatte slaap in stegies of in bome langs die pad, of soms in bokse. Straatkatte vang muise en goggas om te eet. Straatkatte loop van plek tot plek, van dorp tot dorp, net waar hulle wil wees. Straatkatte maak nes hulle wil..."

Katteloffie is 'n straatkat. Op 'n dag beland hy per ongeluk in 'n groot boks wat na die Van Aardes se nuwe huis gaan. En daar besluit hy om 'n rukkie by die vreemde gesin te bly - en snaakse dinge gebeur!

Stories op die CD:

1. Die kat in die boks
2. Die dief in die tuin
3. Die dogtertjie in die boom
4. Die babatjie in die dorp

Al die stories op die CD is deur Anna Emm geskryf, en voorgelees deur Lorraine du Toit. Die CD-voorblad is gedoen deur ons 13-jarige illustreerdertjie, Elanie Bieldt (wie ook al die inkleurprente vir die Lekkerbekkie Nuusbrieff teken).

Blaai om vir ons spesiale aanbod op **Katteloffie en die Van Aardes!**



Spesiale aanbod: geldig 12-18 Maart

Bestel ons nuwe "Katteloffie" storie-CD en kry enige ander CD hieronder vir slegs R40!

Katteloffie
EN DIE VAN AARDES

Katteloffie is 'n straatkat, wat per ongeluk in die boks beland wat by die Van Aardes se nuwe huis afgelewer word. Hy besluit om 'n rukkie by die vreemde gesin aan te bly, met snaakse gevolge ...

Nuwe produk!!

Stories op die CD:
1. Die kat in die boks
2. Die dief in die tuin
3. Die dogtertjie in die boom
4. Die babatjie in die dorp

R80



Spesiale aanbod: Bestel jou Katteloffie CD @ R80 vóór 19 Maart en kry enige van hierdie CDs @ R40!
Katteloffie + ander CD = R120 (jy spaar R40!)
geldig tot 19 Maart



Hoe om te bestel:

Betaal die regte bedrag (R120) na:

Anna Emm Productions

ABSA 916 338 0225

Takkode 632005

...met jou naam as verwysing.

Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za met jou bestelling, kontakbesonderhede en posadres.

Slegs geldig tot 18 Maart!

Lekkerbekkie Nuusbrief

is 'n produk van

Anna Emm Productions.

www.AnnaEmm.co.za | 021 911 5618